

# HERBESINNING OOR BYBELKUNDE EN GODSDIENSONDERRIG OP SKOOL

*H J S Stone*

1 Bybelkunde as skoolvak is in Suid-Afrika ongeveer 'n dekade oud.

Dit is in 1969 in Transvaal ingevoer, tóé nog bekend as Bybel=studie. Na 'n aanvanklik entoesiastiese wegspring was daar 'n in=sinking. Die groei wat sedertdien wel plaasvind, voldoen nie aan die vroeëre hoë verwagtings nie. Nie wat die leerlingtal betref nie; ook nie wat die aantal skole waar die vak geneem kan word betref nie. Nou, na tien jaar, het dit tyd geword om weer 'n keer grondig na Bybelkunde (en na die sustervak Godsdiensoonderrig) te kyk.

Wat hier volg is niks meer nie as 'n verkennende studie. Daarom word die tema afgeperk tot die een enkele vraag: *Wat beheers die problema=tiek van Bybelkunde (en by implikasie ook Godsdiensoonderrig)?* Net hooflyne word getrek; dus bly veel ook ongesê.

2 Navorsing en deskundige uitsprake dui op die volgende probleem=aspekte:

2.1 Kurrikulêre en organisatoriese knelpunte

2.2 Die aanwesigheid van twee Bybelvakke in die kurrikulum

2.3 Die innerlike spanning tussen die partikuliere aard van leer=stellige onderrig en die algemeen Christelike karakter van staats=onderwys

2.4 Leemtes in die opleiding en benutting van onderwysers.

Daar is ongetwyfeld meer sake as dié wat die problematiek van Bybelkunde beheers, maar hierdie is waarskynlik die belangrikste.

3 Aspekte wat die problematiek van Bybelkunde beheers:

3.1 KURRIKULÊR-ORGANISATORIESE KNELPUNTE

(a) Aanvanklik is die trae vooruitgang van Bybelkunde gewyt aan die on=gelyke kanse wat hierdie vak in vergelyking met ander vakke gebied is binne die stelsel van vakkeuses. Daar is geoordeel dat die vak byvoor=

beeld nie in 'n voldoende aantal vakversamelings en kursusse geneem kon word nie. In Transvaal is herhaaldelik egter toegewings gedoen. Tot 1975 is soveel as 58 addisionele vakversamelings toegestaan en sedertdien is nog gunstiger geleentheid vir die keuse van die vak geskep. Daar is in Transvaal, gesien vanuit 'n organisatoriese gesigspunt, weinig indien enige hindernis in die weg van Bybelkunde om ongehinderd te groei. 70% van die skoolhoofde het egter nie van die gunstige geleentheid gebruik gemaak om addisionele vakversamelings aan te vra nie. (Ek dra ongelukkig nie kennis van die posisie in ander provinsies nie).

(b) Personeelvoorsiening geskied volgens die leerlingtal van 'n skool. Die invoering van vakke met 'n geringe aantal leerlinge per klas bring dus noodwendig 'n minder ekonomiese benutting van personeel te weeg as in die geval van vakke met 'n groot aantal leerlinge per klas. Anders gesê: personeel word gemiddeld met meer periodes per persoon belas as in 'n skool waar minder van die sg kleiner vakke aangebied word. Vir sommige hoofde is dit 'n bykomstige oorweging by die wering van Bybelkunde. Dit maak ook die rooster moeiliker.

### 3.2 DIE AANWESIGHEID VAN TWEE BYBELVAKKE IN DIE SKOOLKURRIKULUM

Dit is ongetwyfeld waar dat 'n materialistiese benadering veel te make het met die feit dat leerlinge die sg bruikbare vakke soos geskiedenis en Bybelkunde verkies. In ons tegnologiese eeu word tegniese en natuurwetenskaplike vakke dikwels ook hoër as die kulturele vakke aangeslaan. Ongetwyfeld moet Bybelkunde se groeitraagheid deels daaraan gewyt word.

Die feit dat ander vakke meestal bo Bybelkunde verkies word, kan egter nie net daaruit verklaar word nie. Dit moet onthou word dat die skool vir die kind eintlik die enigste voor-tersiêre plek is waar sistematiese kennis in verband met die verskillende vakgebiede opgedoen kan word. Hierop is Bybelkunde 'n uitsondering, want leerlinge kry ook in die kategese van kleinsaf sistematiese onderrig in die Bybel. Daarbenewens neem elke leerling ook nog van kleinsaf Godsdiensonderrig in die skool. Sou 'n leerling nie Bybelkunde as vak vir sts 8-10 kies nie, kry hy in elk geval sowel in die senior kategese van die kerk as in die Godsdiensonderrig op skool sistematiese onderrig uit en van die Bybel. Sonder om Bybelkunde as vak te kies, kan 'n leerling nog 'n goeie Bybelskoling kry, maar kies hy Bybelkunde is daar noodwendig 'n vak waarin hy uit=

eindelik geen skoling kry nie. Hierdie argument van ouers en leerlinge, meer as enigiets anders, glo ek speel 'n deurslaggewende rol by die keuse van vakke ten koste van Bybelkunde.

Omdat daar twee Bybelvakke in die skoolkurrikulum is, anders gesê, omdat leerlinge reeds Godsdiensonderrig moet neem (meestal ook in die kerk dit ontvang), moet 'n mens aanvaar dat Bybelkunde nooit 'n massavak sal word nie. Die ideaal van 'n groeiende leerlingtal moet dus nie onrealisties hoog gestel word nie. Om dieselfde rede moet nie primêr op die uitbreiding van Bybelkunde gefokus word nie maar op dié vak waarin alle leerlinge reeds bereik word, naamlik Godsdiensonderrig.

### 3.3 DIE SPANNING TUSSEN DIE PARTIKULIERE AARD VAN LEERSTELLIGE ONDERRIG EN DIE ALGEMEEN CHRISTELIKE AARD VAN DIE STAATSKOOL

Historys het die onderwysbeheer in Suid-Afrika so ontwikkel dat Afrikaans- en Engelssprekendes op alle vlakke, behalwe op die plaaslike vlak van die skool en sy bestuur, deur gemeenskaplike instansies oorkoepel en bedien word. Daar is één onderwyswetgewing en -beleid vir Afrikaans- en Engelssprekendes; een beheer op sentrale en provinsiale vlak; een administrasie en organisasie; oorkoepelende beplanning; dieselfde sillabusse, eksaminatore en moderatore; een onderwysersraad; een onderwysraad. Slegs ten opsigte van die opleiding van onderwysers is daar in hoofsaak (UNISA en UPE uitgesonderd) differensiasie; en so ook in hoofsaak ten opsigte van die plaaslike bestuur van skole (parallel- en dubbelmediumskole uitgesonderd). Die differensiasie en die inkleding van die skoolonderwys volgens eie lewensopvatting en kultuur van die Afrikaner en die Engelssprekende vind op die plaaslike vlak plaas.

Wat dus goed begryp moet word, is dat die onderwysowerhede en -liggame, die onderwysersraad, die eksaminerende liggame, onderwysbeplanners ens in algemene belang funksioneer, in diens van beide bevolkingsgroepe staan en albei se belange, sentimente en opvattinge in ag moet neem. Die neiging is noodwendig om te soek na 'n algemene formulering van beleid of sillabus in terme van dit wat Afrikaans- en Engelssprekendes gemeenskaplik tevrede stel. Dat daar deur onderhandeling of oorreding meermale 'n formulering gevind word, soos met die sillabus van die twee Bybelvakke, wat die Afrikaanse gemeenskap oor die algemeen moontlik meer tevrede stel en die ander miskien minder, mag ook soms waar wees.

Dit doen egter niks af nie aan die feit dat die staat en sy amptenare, ook in die onderwysdepartemente van die staat, geroepe is om die regs-

belange van al die mensegroepe binne sy gebied te dien - en dit sluit in mense van uiteenlopende taal-, kultuur- en geloofsverband. Daarom dra die staat se wette, ordonnansies en regulasies 'n algemene karakter - so ook die sillabusse.

Op grond van die historiese koers van hierdie land en sy mense is dit weliswaar nie neutraal-algemene voorskrifte wat die onderwys van staatsweë ontvang nie. Dit is algemeen Christelike voorskrifte - maar nog algemeen en nie partikulier nie. Die staat bepaal dat alle onderwys Christelik moet wees (Wet 39 van 1967). Die term "Christelik" word nie presies omskryf nie. Wel word gesê dat die onderwys in die Bybel gefundeer moet wees; (proklamasie van die Minister van Nasionale Opvoeding: 12 Nov 1971). 'n Bybelse Christelikheid dus. Godsdienso= onderrig is nie net 'n verpligte vak in die skool nie maar ook in onderwysersopleiding (R1192, 20 Junie 1975). Maar vrystelling word aan nie-Christene ten opsigte van Godsdienso= onderrig en Godsdiensoefeninge verleen, want gewetensdwang is nie in algemene belang nie.

Ten opsigte van Godsdienso= onderrig moet die staat dink aan die leer= stellige verskeidenheid onder sy burgers. Daarom bestaan daar op pro= vinsiale vlak ordonnansies wat wissel van 'n poging om 'n Godsdienso= onderrig bo Christelike geloofsverdeeltheid te skep tot art 53 van die Transvaalse onderwysordonnansie van 1953 wat meer positief lui dat by die onderrig van die Bybel geen bepaalde leer of dogma wat onderskei= dend is van 'n bepaalde gesindte of sekte in die openbare skole onder= rig mag word nie. Die klem word in die ordonnansies deurgaans op die algemeen-Christelike leerstellings gelê. Denkend aan sy Afrikaanse en Engelstalige leerlinge en aan leerlinge onder beide taalgroepe wat uiteenlopende denominasies verteenwoordig het die TOD in 1954 die al= gemeen Christelike gesoek in wat genoem is die Bybelse Geskiedenis, die Tien Gebooie, die Twaalf Artikels en die Onse Vader (vgl H C Cas= telyn. *Leerstellige onderrig op skool*, p 17). Sover kan die staat sy voorskriftelikheid met betrekking tot die onderrig van die Bybel voer.

Ook by die opstel van sillabusse vir Bybelkunde en Godsdienso= onderrig was die formulering daarvan die vrug van samewerking tussen Afrikaans- en Engelssprekendes.

Prof Chris Coetzee het destyds art 53 van 1953 (Transvaal) se bepaling dat geen leer of dogma onderskeidend van 'n bepaalde gesindte of sekte onderrig mag word nie so interpreteer dat die groot algemene Christe=

like waarhede wel onderrig mag word, dat die staat dus beslis nie 'n neutrale soort Godsdiensonderrig voorstaan nie, maar dat die waarheid van die Drie-Eenheid; van die skepping, die sondeval, die genade en die verlossing; van die koms van Jesus Christus; van sy soendood, sy opstanding, sy wederkoms en van die ewige lewe onderrig mag word (*op cit*, p 17).

Selfs nadat hierdie algemene geloofswaarhede geïdentifiseer is, is nog soveel uiteenlopende vertolkings van elkeen van hierdie leerstukke moontlik dat die potensiële konflik in die Bybelklas nie uitgeskakel is nie.

Die meer algemeen-Christelike benadering pas egter by die skool, wat nie as funksie het om spesifieke kerklike belydenisskrifte te onderrig nie. Die skool is nie daar om die kerk se werk te doen nie. Die skool is ook nie 'n geslote godsdienstige gemeenskap wat op 'n bepaalde belydenisskrif stoel nie. Dit kan ook nie so 'n geslote gemeenskap wees nie aangesien dit ondermeer juis tot taak het om die wêreld waartoe die kind gaan toe-tree vir die kind te ontsluit en andersom ook weer die kind vir sy wêreld te ontsluit. Dié wêreld is 'n plurale werklikheid van uiteenlopende Christelike oortuigings wat hy onder sy medeburgers en medewerkers sal raakloop. Die skool behoort dus noodwendig sy leerstellige onderrig op 'n meer algemeen Christelike in plaas van spesifiek kerklike belydenisskrif te grondves.

So 'n grondslag is die Apostoliese Geloofsbelydenis wat, pedagogies gesien, eenvoudig en helder is en wat in baie wye Christelike kringe algemeen aanvaar word. Dit vorm inderdaad die basis van die leerstellige gedeeltes in die huidige Bybelkunde en die meeste Godsdiensonderrigsillabusse in Suid-Afrika.

Maar nou: die Apostoliese Geloofsbelydenis as basis van die Bybelonderrig los egter lank nie alle interpretasieprobleme op nie. Dit kan ook nie omdat Bybelonderrig, hoeseer die sillabus in algemene terme ingeklee mag word, tog in die klaskamer nooit anders as leerstellig kan wees nie. Daar word dit gekonfronteer met die vrae van die jeug wat juis dikwels dié sake wat ons sou wou vermy na vore bring. En daar hang dit ook af van wie die vak onderrig. *Dit bring ons dan terug by die problematiek van die partikuliere aard van leerstellings binne die opset van denominasionele verskeidenheid in die skool.*

Dit moet eenvoudig aanvaar word dat vir baie ouers en leraars daar risiko's verbonde is aan kerklik ongekontroleerde vertolking van Christelike leer-

stukke in die skool. Dit is byvoorbeeld duidelik dat die skeptisisme waarmee sommige predikante, hoofde van skole en ouers Bybelkunde bejeën, herlei kan word na die afwesigheid van kerklike kontrole. Ondermeer is mense bekommerd oor onaanvaarbare teologiese standpunte waarmee Bybelkunde-onderwysers tydens hulle opleiding in aanraking kom wat aan die skooljeug oorgedra kan word. In die Agenda van die Vyfde Vergadering van die Algemene Sinode (1978) stel die Interim-kommissie vir Leer en Aktuele Sake van Oos-Kaapland die probleem van die uiteenlopende vertolkings van die skeppingsverhale, die uittog uit Egipte, die intog in die Beloofde Land, dele van die boek Daniël (p 726). Die vrees word uitgespreek dat hierdie onaanvaarbare vertolkings wat aanhang in sekere Bybelkundedepartemente geniet uiteindelik op skool aan leerlinge geleer en dat hulle daardeur verwar mag word. Die kommer bestaan dat leerlinge gedurende die week een interpretasie en Sondag 'n ander mag hoor.

Daar kan seker gesê word dat in die meeste Afrikaanse skole, vanweë die getalle-oorwig van die Afrikaanse kerke, (vir die meeste ouers) aanvaarbare leerstellige onderrig plaasvind. As 'n mens egter ten spyte van die feit in eie geledere twyfel oor standpuntstelling in Bybelonderrig vind, hoeveel te meer by hulle wat nie tot hierdie drie kerke behoort nie. Hierdie twyfel, skeptisisme of risiko-gevoel het sekerlik ook te make met die trae vordering van Bybelkunde.

In feite kan hierdie twyfel gekoppel word aan *eerstens* die situasie dat ouers *de jure* nie die finale seggenskap oor die benoeming van Bybelonderwysers het nie, *tweedens* nie alle ouers met 'n bepaalde aanstelling volkome tevrede gestel kan word nie, vanweë die leerstellige verskeidenheid en, *derdens*, nóg die kerke nóg die ouers die laaste sê in die samestelling van sillabusse of die voorskryf van handboeke het.

Op grond egter van die feit dat die drie Afrikaanse kerke ten aansien van Afrikaanse skole die inisiatief geneem het met die voorsiening van handboeke, op grond verder daarvan dat dié drie kerke die sterkste verteenwoordig is onder leerlinge, Bybelonderwysers, ouers, plaaslike beheerliggame en onderwysleiers; op grond origins van die feit dat ook die opleiding van onderwysers hoofsaaklik in die hande is van dosente wat bande met dié kerke het, daarom is die *de facto* posisie wel so dat Bybelonderrig in die meeste skole leerstellig bevredigend verloop.

Die kerk moet haarself afvra wat haar prioriteite ten opsigte van Bybelonderrig moet wees. Is die invoering van Bybelkunde, ook waar dit

nie seker is in welke hande dié vak sal kom nie, gewens? Moet leerlinge ongekwalifiseerd aangemoedig word om oral Bybelkunde te neem? In alle provinsies? Ek meen tog van *ja*, maar dan wil ek dit kwalifiseer deur te sê die kerk moet haar prioriteite reg hê. Die vraag kan gevra word of sy nie in die onlangse verlede te eensydig die klem op die bevordering van Bybelkunde gelê het, terwyl die kalklig 'n bietjie van Godsdiensonderrig weggesteel is nie. 'n Mens kan so maklik verlei word tot die gedagte dat die vordering met Bybelkunde simptome sou wees van 'n verdere verchristeliking van die onderwys. Die verchristeliking van die onderwys moet tog eerder in Christelike vakonderwys as in 'n tweede Bybelvak gesoek word - al is laasgenoemde ook sterk aan te beveel.

Dit lyk my 'n suiwer standpunt dat die kerk deur haar invloed moet meehelp dat elke skool eerstens toepaslike gekwalifiseerde, toegewyde en aanvaarbare Bybelonderwysers moet hê sodat voor alles aan Godsdiensonderrig reg sal geskied. Waar Godsdiensonderrig met die nodige toewyding en die vereiste deskundigheid onderrig word, is 'n gesonde basis vir die instelling van Bybelkunde geskep en daar bestaan 'n infrastruktuur vir die vestiging van Bybelkunde. Wat meer is: Waar die kerk tevrede is dat die leerstellige Godsdiensonderrig gesond is, daar bestaan ook geen twyfel oor die leerstellige aard wat Bybelkunde, as dit ingestel word, sal hê nie.

Eerste prioriteit is egter Godsdiensonderrig: eerstens omdat dit die vak is waarin alle leerlinge bereik word; tweedens omdat dit die basis, "teelaarde" of voedingsbodem is waarop en waarin Bybelkunde kan stoel.

'n Logiese vraag op hierdie stadium is nou of Bybelkunde se traevordering dan ondermeer ook aan 'n onder-standaard Godsdiensonderrig gewyt moet word. Die antwoord, meen ek, moet lui dat sekere leemtes in die opleiding en benutting van onderwysers Godsdiensonderrig nie volkome tot sy reg laat kom nie.

#### 3.4 LEEMTES IN DIE OPLEIDING EN BENUTTING VAN BYBELONDERWYSERS

a) Volgens navorsing deur Stander in 1973 onderneem het 51% van die Bybelonderwysers in die gebied wat deur sy ondersoek bestryk is geen akademiese kwalifikasies in Bybelkunde besit nie. Dit kan aanvaar word dat in ander dele van ons land die syfer selfs nog veel hoër was. Wat die posisie tans is, is onbekend.

b) Daar bestaan voorts by sommige die wanopvatting dat 'n onderwyser wat Godsdiensoonderrig vir sy sekondêre onderwysersdiploma aangebied het (in ooreenstemming met kriteria neergelê deur die KOH) bevoeg is om Godsdiensoonderrig in die sekondêre skool te onderrig. Hierdie vak is egter ingesluit in die onderwyserskursus as 'n wyse waarop die onderwyser christelik gevorm moet word vir sy rol binne die christelike staatskool. Godsdiensoonderrig behoort dus as 'n vormende vak doseer te word en behoort nie gesien te word as toerusting om die vak in die sekondêre skool te onderrig nie. Geen hoof sal byvoorbeeld 'n Biologie-onderwyser Afrikaans laat onderrig nie, hoewel die amptelike tale in sy kursus ingesluit was, eenvoudig omdat die tale geneem is om sy gebruik van dié media te verhoog en nie om dit te onderrig nie. Tog word dieselfde onderwyser nog meermale gebruik om Godsdiensoonderrig te behartig. Slegs wanneer toepaslik gekwalifiseerdes Godsdiensoonderrig behartig kan dié vak tot sy reg kom. En wanneer Godsdiensoonderrig tot sy reg kom kan Bybelkunde daarop voortgroei en bloei.

c) 'n Probleem wat om dringende aandag roep, is die inhoudsverskil tussen Bybelkunde aan universiteite en Bybelkunde op skool. Laasgenoemde bestaan uit 'n Ou en Nuwe Testament-komponent, 'n Geloofsleer-komponent en 'n Etiëkkomponent. Bybelkunde aan die meeste universiteite dek slegs Ou en Nuwe Testament. Uitsonderings is daar wel. Baie onderwysers is dus eintlik onbevoeg om die Geloofsleer en Sedeleergedeelte van die sillabus te onderrig. Dit is egter juis dié deel van Bybelkunde waarin leerlinge die meeste geïnteresseerd is omdat dit so sôu saamhang met antwoorde wat hulle in hulle worsteling om 'n steekhoudende lewens- en wêreldbeeld soek.

d) Kwalifikasies is egter nie voldoende nie. Ons vind dat Bybelonderrig fluktueer saam met die toewyding van die onderwysers. Daarom moet op plaaslike vlak veral baie noukeurig gelet word op die benoeming van Bybelonderwysers wat ware toewyding toon.

#### 4 GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

Die verkenning sover was 'n poging om die hoofsaak wat die problematiek van Bybelonderrig beheers oop te krap. Na aanleiding daarvan, meen ek, kan die volgende geldige gevolgtrekkings gemaak word:

##### GEVOLGTREKKINGS

4.1 Daar moet gewaak word teen onrealistiese hoë verwagtings wat die



leerlingtal in Bybelkunde betref, omdat

- a) leerlinge reeds Godsdiensoonderrig in skool en kerk ontvang
- b) daar altyd leerstellige voorkeure sal wees waaraan nie voldoen sal kan word nie.

4.2 Godsdiensoonderrig behoort as eerste prioriteit beskou te word, omdat

- a) alle leerlinge deur dié vak bereik word,
- b) doeltreffende Godsdiensoonderrig die natuurlike groeibodem vir Bybelkunde is.

4.3 Nie net Bybelkunde-onderwysers nie maar ook dié wat Godsdiensoonderrig behartig, behoort in besit van akademiese kwalifikasies in dié vak te wees.

4.4 Die inhoudsverskil tussen Bybelkunde aan universiteite en skole verdien dringende aandag.

4.5 Dit is veral op die plaaslike vlak dat die leerstellige kleur van Bybelonderrig uiteindelik bepaal word, want uiteindelik word Bybelonderrig wat die Bybelonderwyser daarvan maak.